

**Lees:** Jona 1:1-16

**Teks:** Jona 1:14

*Toe bid hulle tot die Here en sê: "Ag, Here, moet ons tog nie laat vergaan oor hierdie man nie. Moenie dat ons iemand onskuldig doodmaak nie. U is die Here, U doen wat U wil." (NV)*

**Tema:** *God se wil: 'n Bedreiging of 'n vreugde?*

Geliefdes in Onse Here Jesus Christus

Is dit werklik nodig dat ons gedurig in 'n Jakobstryd met God gewikkel moet wees oor Sy wil? Is dit werklik nodig dat God se wil vir ons 'n bedreiging moet wees, so 'n swaard oor ons kop? Terwyl God wil dat Sy wil vreugde moet inhou! Vir ons en die mense na wie toe ons Sy wil gelei as kragtige en dankbare geleiers van die Goddelike genade (I Petr 4:10,11)

## **1. Ek wil graag ... en sy gevolg**

Jona het gewikkel geraak in 'n eeue oue stryd wat ons ook maar te goed ken: Ek wil nie wat die Here wil nie. En watter stryd gee dit nie af nie! Ek weet wat die Here wil hê ek moet doen, maar ek doen dit nie. En die vrugte van my besluit smaak nooit goed nie.

Kyk mooi hoe hard het die profeet Jona probeer om sy roeping en opgelegde taak te ontvlug:

In vs 3 staan daar twee keer: Hy het probeer om weg van die Here af te vlug. Die Here stuur hom Nineve toe, dit is in die Ooste, die hoofstad van Assirië. Hy moet daar gaan preek, 'n stad aan sy sonde gaan ontdek, aan die feit dat hulle nie die wil van die Here doen nie, maar wat hulle self wil. Maar Jona wil Tarsis toe, na die Weste toe, aan die einde van die bekende Westerse wêreld wil hy homself gaan vestig. Daarvoor vlug hy van Jerusalem af na die naaste hawe toe, Joppe toe, en klim op die eerste en beste vragboot wat hom op sy selfgekose missie sal neem.

Watter hoop het hy gehad dat hy vir die Here kan wegvlug, wegkruip? Kan hy werklik dink die Here sien nie verder as Jerusalem nie, nie verder as die land en plek waar hy bly nie? Die Here weet dan wat aangaan in Nineve, baie vêr van Jerusalem af. Sal hy werklik van die Here kan ontvlug? Van die Here af wat presies geweet het agter watter boom Adam weggekruip het, wat presies geweet het vanwaar die bloed van Abel na Hom geroep het? Wat die pad kon uitlê vir sy kinders na en van Egipte, deur die woestyn? Sou die Here hom nie in Tarsis vind nie?

Kyk nou ook mooi op watter pad lei sy roepingsversaking en onwilligheid hom:

\* 'n Pad van baie skade vir die mense wat bereid was om hom aan boord te neem.

Vir 'n Fenisiese handelaar om sy skeepsfrag oorboord te gooi, was so goed as om weens swak hantering van sy goed bankrot te speel! Maar tog was hulle genoodsaak om van hulle frag ontslae te raak.

- \* Jona se gekose pad word ook 'n pad van spanning en vrees wat hy op ander mense laai. Ons hoor 'n paar keer in die hoofstuk van die vrees van die kaptein en die bemanning.
- \* Dit word 'n pad van ontdekking en konfrontasie. 'n Pad van skaamte, want hy moet sy eiewilligheid voor heidene bely ... En, hy word verantwoordelik gehou!
- \* Dit word 'n pad waar hy teen wil en dank ook moet getuig: Ek is 'n Hebreër, ek dien die God wat hemel en aarde gemaak het.
- \* Dit word ook 'n pad van konflik.
- \* En dit word 'n pad waar sy eie vrees 'n groot rol gaan speel.

Br en sr, op watter pad het jou lewe jou al geneem, in elke moment waar jy willens en wetens nie op die pad geloop het waarop die Here jou gestuur het nie?

- \* Onthou jy die konflik en konfrontasie?
- \* Onthou jy die skaamte as jy moet bely jy is verkeerd?
- \* In ons verhoudingslewe ... waarheen het dit jou gevoer as jy willens en wetens nie die pad wil loop wat God aangedui het nie?
- \* In jou dienswerk wat jy in die koninkryk moet doen, die basiese dinge van ons geloofslewe ... dink jy werklik jy gaan vermaning en konfrontasie misloop?
- \* Wat gebeur met die kerk wat doen wat hy wil, wat aanhou om sy geroepe taak na buite en na binne in te klee soos hy wil? Op ons pasafgelope sinode het daar baie konflik geheers, is dit ook voor die wêreld uitgeblaker. En dit terwyl die ons tog duidelik in Gods Woord kan lees wat Hy wil hê ons moet doen met die Nagmaal, en ons ampswerk, en ons lof aan Hom. Daar ontstaan net stryd as jy wil doen wat jy wil, en nie wat die Here wil hê nie! En intussen moes daar eerder meerop die tafel wees van ons getuienis na buite, ons kosbare Evangelie aan mense wat werklik nood ken! Ons kan nie kerk speel as daar nog vlamme in ons leefwêreld brand nie!
- \* Maar jy persoonlik: Wat is jou pad met die wil van God? Dink jy nog werklik jy is onskuldig as jy nie doen wat die Here verwag nie? Is die mens ooit onskuldig as hy sonde doen? Kan jy met alle eerlikheid getuig en sê: Ek weet nie werklik wat ek moet doen nie?

Maar waarom het dit vir ons so 'n stryd geword om te buig voor die Here se wil: Is dit omdat ons ook die Here wil beperk? Omdat jy dink jy kan in ruimte en tyd van God af wegbeweeg? Van Sondag na Maandag toe, van die kerk af na my werk toe? Van my gemeenskap met God af na my lewe van elke dag toe?

Uit die Woord van God kan ons dit maar duidelik weet, br en sr: Die pad wat jy kies, die dae wat jy doen, die woorde wat jy sê, die gedagtes wat jy dink, weg van God se wil af, is 'n pad met baie meer trane en stryd as wat jy jouself ooit kan indink. Daar is meer konflik en konfrontasie, ontdekking en skaamte buite God se wil om as in sy wil. Buite die kerk as in die kerk. Buite die huwelik as in die huwelik. Buite die gemeenskap van

ware gelowiges as daarbinne. Baie meer eensaamheid, en frustrasie. En ... br en sr, die Here was met Jona met niks minder tevrede as om hom op die pad van sy dood te stuur nie! Jona het nie geweet daar wag 'n groot vis vir hom nie, hy kon nie in die water insien en dit hoop nie. Sou hy in elk geval so 'n vis gesien het, sou hy waarskynlik net nog groter geskrik het! Nee, daar het vir hom net 'n doodsverwagting oorgebly, en hy het baie goed geweet waarom!

## **2. Die Here se wil geskied en kan nie teengestaan word nie**

Br en sr, ons kan maar ook verseker weet en daaraan vashou: Die Here se heilige wil is onweerstandelik. Jy kan Hom nie teenstaan nie. Jy sal moet buig, moet doen wat Hy verwag, al dink jy ook wat! En so is Sy Seun ook 'n rots van struikeling waaroor mense val. Hy is 'n kosbare hoeksteen vir die wat in Hom glo, maar 'n rots van struikeling vir die wat teen hom stamp. En dit kon selfs Bileam se donkie insien. Iets wat Bileam nooit besef het nie.

So het God direk ingegryp in hierdie gebeure om Sy wil uit te voer.

'n Mens kyk gewoonlik in die boek Jona net vas teen die wonderwerk van die groot vis wat vir Jona ingesluk het. Maar 'n mens besef nie altyd dat daar meer wonderwerke beskryf word in die boek nie. Daar is twee in hierdie hoofstuk, en dan verder die wonder dat die vis vir Jona uitgespoeg het, en dat die Here 'n wonderplant vir Jona gegee het in hfst 4, en 'n wurm wat daardie plant weer opgevreet het. Die grootste wonderwerk is sekerlik in hfst 3: Die Here het 'n hele stad met Sy Gees beset en tot bekering gebring!

Hier in ons hoofstuk is die twee wonderwerke: Die storm wat die Here op see veroorsaak het, en die storm wat ook weer opgehou het, bedaar het nadat Jona in die see gegooi is.

Die Here is bereid om wonders te doen om Sy wil uit te voer! Hy sal die see onstuimig maak om een eiewillige profeet te vermaan en te betig! Weet dit verseker, ouderling, diaken, predikant, lidmaat in die amp van die gelowige: Die Here sal self ingryp as jy jou roeping versaak. Hy is nie afhanklik van jou nie, maar as hy jou geroep het en gestuur het, jou Sy heilige Wil bekend gemaak het, dan sal Hy ook sorg dat jy daarop gaan. Hy sal jou toerus, Hy sal Sy spesiale gawes aan jou gee, Hy sal vir jou 'n pad maak in die woestyn, deure oopmaak wat jy gedink het nooit kan oopgaan nie. Hy het tog dan Sy eie Seun na Sy dood gestuur en opgewek dat ons in 'n noue verhouding met Hom kan leef. Sodat ons roepingsgetroue dienswerk en getuienis kan lewer. Hy gee Sy Heilige Gees aan jou om jou te lei, te motiveer en voort te stu!

En ... die Here sal selfs in 'n lotsbeslissing ingryp om jou uit te wys as die mens wat in verhouding met Hom staan en Sy wil moet doen. So soos Jona deur looitjies aangewys is as die man ter wille van wie hierdie storm ontstaan het.

En kyk, selfs die heidene kon die onderskeid sien tussen 'n gewone storm en die storm

wat hulle beleef het. Hierdie was nie 'n gewone storm nie, hier word iets groter aan hulle gebring as wat hulle self verstaan het.

Ja, br en sr, selfs 'n storm om jou aan te wys as die mens wat sy wil moet doen. Selfs 'n storm as die Here wil hê jy moet voor ander getuig en sê: Ek is 'n Afrikaner en ek is 'n Christen, ek aanbid die enige ware God wat hemel en aarde gemaak het!

### **3. Die Here voer sy oorspronklike bedoeling uit om die evangelie aan heidene te bring**

Br en sr, en die oomblik voor Jona oor die kant van daardie skip in die stormsee gegooi word, het die Here vir hom nog iets gewys: Heidene bid! En hulle bely werklik!

Ons weet nie mooi wat vir Jona in die eerste plek laat weier het om die Woord van die Here aan die Nineviete te gaan verkondig nie. Waarskynlik was dit 'n oordrewe nasionalisme wat nie wou insien dat ander volke ook kan deel aan die ware godsdienste nie. Dit kon ook eksklusiwisme gewees het: Die tipiese Joodse denke dat die Evangelie net vir die Jode bedoel is en dat ander mense nie daarin kan deel nie. Ons sien trekke hiervan ook in hfst 4.

Maar hoe dit ookal was, die Here voer hier Sy oorspronklike doel met Jona uit, naamlik om voor ander te getuig van die enige ware God wat hemel en aarde gemaak het. Die Here se Woord en Evangelie is universeel! So het Jesus tog ook self verkondig: Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies en doop en leer hulle! En Hy het belowe: Julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom en julle sal my getuies wees in Judea, Samaria en Galilea en tot aan die uitendes van die aarde. Op Pinksterdag het dit gebeur! Toe die Gees uitgestort is, is die Evangelie in al die bekende tale gehoor ... in Jerusalem!

En hier moet Jona hierdie heidene hoor bid. Hulle wou nog eers self bietjie probeer regkom: Toe hulle besef waaroor dit gaan en dat hulle hierdie man by hulle oorboord moet gooi, wou hulle eers nog self 'n bietjie roei. Maar die Here het hulle nie toegelaat nie. Die see het net al hoe onstuimiger geword.

En dan kan hulle hierdie aangrypende gebed bid: Vir hulleself, Here, moet ons nie laat vergaan oor hierdie man nie ... Die Here wou nie. Hulle kon nie betaal vir Jona se skuld nie. Dit kan net 'n egte Verlosser en Middelaar doen. Hulle het alreeds genoeg gely vir en saam met Jona.

Maar, hulle bid ook vir Jona. Heidene bid vir die man van God! Moenie dat ons iemand onskuldig doodmaak nie! Die Here wou dit ook nie toelaat nie. Nee, Sy eie mense sou Sy Seun vermoor, onskuldig, maar sodat Hy 'n ware Verlosser kon wees!

En hierdie heidene bely wat Jona wou ontken. U is die Here. U doen wat U wil. Hulle het goed besef dat die Here se wil nie teengestaan kan word nie!

En dan bring hulle die tekens van hulle bekering: (vs 16)

Vrees vir die Here

'n Offer vir God  
Geloftes wat hulle voor Hom aflê

Br en sr,

Die Here stuur ons nie Nineve toe nie. Hy verwag van ons om in ons eie kring te begin getuig. Begin by die huisgenote van die geloof. Begin om hier te bemoedig en te ondersteun. En laat die Evangelie van hier af uitkring na ons Nineve toe. Na 4000 mense in ons gemeentegrense van wie ons nie eers weet of hulle aan 'n kerk behoort nie. Na Afrika ... Malawi, Zimbabwe, Mosambiek, Angola ... wat al hoe meer in die wurgtanggreep van die Islam begin lê. Na die eerste wêreld, waar die Christendom 'n niksbeduidende persentasie geword het. Ja, en na Jerusalem, waar die enigste kerkie van Gereformeerde oortuiging sterk deur die Jode en selfs die polisie gekortwiek word.

En laat ons ons verantwoord oor ons wil en die Here se wil. Ons moet iets doen aan ons roepingsversaking!

- \* Die Here het vir die kerk in Maleagi 1 gesê: Maak eerder die kerkdeure toe, as wat julle voortgaan om lam en siek offers te bring en lam en siek diens te doen. Ek het julle nie nodig nie. Ek sal vir my 'n ander volk uit die duisternis roep om my wil te doen! Ons onwilligheid om te evangeliseer is roepingsversaking van 'n roeping wat Hy op alle gelowiges gelê het! Ons moet mense bring om God en Sy heilige wil te ken!
- \* Ons lam en siek offers is roepingsversaking. Hoe kan die kerk van die Here ooit groei as ons nie eers ons huishoudelike sake kan laat klop nie! Ons gemeente het die potensiaal om 'n persoon te beroep en uit te stuur! As ons wil ...

Ons moet dalk nie verbaas wees as konflik en stryd, konfrontasie en skaamte ons pad kruis nie. Ons moet ons sonde eerder voor God bely. En nie ophou voor ons seker is ons is nie ons dood te wagte in 'n storm nie, maar lewe en toerusting en gawes om God se wil te doen. God se wil is nie bedoel om 'n bedreiging vir sy kinders te wees nie. Dit hou hoop en troos in, die kragtige werk van Sy Gees! Nee, laat ons ons offers bring en ons geloftes gestand doen ... tot eer van die Here van hemel en aarde.

AMEN

By gebed: Psalm 77:1,7  
Slot: Psalm 65:2,7